



Redaksioneel

Ronel Foster (gasredakteur)

Hierdie uitgawe van *T.N&A* bevat 'n sestal artikels oor die literêre grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands. Die artikels is oorspronklik gepubliseer in die boekpublikasie *Toenadering: Literair grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands / Toenadering: Literêre grensverkeer tussen Afrikaans en Nederlands* (2012), met Yves T'Sjoen en Ronel Foster as redakteurs. Die uitgewer is Acco in Leuven en Den Haag. *Toenadering* is 'n tweede publikasie met komparatistiese artikels oor die Afrikaanse en Nederlandstalige letterkundes. Die eerste is in 2009 deur Acco uitgegee, met die titel *Over grenzen: Een vergelijkende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poëzie / Oor grense: 'n Vergelykende studie van Nederlandse, Vlaamse en Afrikaanse poësie*. Die redakteurs was Ronel Foster, Yves T'Sjoen en Thomas Vaessens. Sekere van die artikels van *Over grenzen / Oor grense* is ook opgeneem in twee uitgawes van *T.N&A*: in die tweede nommer van sowel 2006 as 2008. Waar *Over grenzen / Oor grense* artikels bevat oor poësie ná 1945, is *Toenadering* nie genre- of periodespesifiek nie.

Hoewel al die artikels in hierdie uitgawe van *T.N&A* 'n historiese element bevat, is die inslag telkens verskillend. In Hans Ester se artikel word aandag bestee aan die Nederlandse skrywer Louwrens Penning (1854–1927). Van al die Nederlandstalige romanskrywers wat oor die Anglo-Boereoorlog geskryf het, het Penning waarskynlik die mees invloedryke rol gespeel ten opsigte van die beeldvorming van Suid-Afrika in die Nederlandse literatuur. Penning se romans het eers as vervolghverhale in tydskrifte verskyn, waardeur hy 'n groot leserspubliek bereik het. Toe hy Suid-Afrika in 1922 en 1923 besoek, het Penning vir die eerste keer kennis gemaak met die land waaroor hy met soveel geesdrif geskryf het. Ester bespreek die strategieë wat Penning aangewend het en toon aan dat sy stereotipiese beskrywing van die land en van die karakters só idealiserend is dat dit afbreuk doen aan die waarde van sy werk.

In Bernard Odendaal en Hennie van Coller se artikel word ondersoek ingestel na die posisie en rol van die Vlaamse literator Rob Antonissen in die Afrikaanse literatuursisteem. Antonissen se kennismaking met die Afrikaanse letterkunde deur middel van 'n boekversameling in Steenbrugge lei tot sy emigrasie na Suid-Afrika in 1950, waar hy ontwikkel tot een van die mees invloedryke literatore in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Hoewel Antonissen se werk 'n “konstruktiewe” rol in die Afrikaanse sisteem gespeel het, was daar die skadukant van die sterk kanonvormende invloed wat sy beskouinge uitgeoefen het. Deur die gehalte en substansie van sy literêre navorsing en van sy kritiese perspektiewe het Antonissen daarin geslaag om homself as prominente rolspeler in die Afrikaanse letterkunde te vestig. Net soos Jan Greshoff en H.A. Mulder voor hom, was Antonissen beklee met die gesag van aansien in die Nederlandstalige wêreld. Deur sy bydraes tot vakt tydskrifte, sy werk

as literatuurgeskiedskrywer en sy rol as antologiseerder, het hy belangrike sistemiese instrumente gehanteer in die Afrikaanse literêre sisteem.

Eep Francken se artikel handel oor die geskiedenis van Breyten Breytenbach se *'n Seisoen in die paradys* (1976), waarvan die oorspronklike uitgawe van meet af aan omstrede was omdat Breytenbach toe in die gevangenis was en nie sy boek self kon redigeer nie. 'n Vergelyking van die Afrikaanse teks met die Nederlandse en die Engelse vertalings (1980) – wat gebaseer is op die oorspronklike Afrikaanse tikskrif, wat in die Letterkundige Museum in Den Haag bewaar word – laat duidelik blyk dat daar talle gedeeltes in die Afrikaanse uitgawe ontbreek. Francken herkonstrueer die teks- en edisiegeskiedenis van die boek en werp lig op die rolle van Chris Barnard, Ampie Coetzee, John Miles en Bartho Smit.

In Ronel Foster se artikel word ondersoek ingestel na drie Afrikaanse herskrywings van Martinus Nijhoff se bekende gedig “Impasse”, wat in 1935 verskyn het en wat hy telkens herskryf het. Die drie Afrikaanse herskrywings is dié van T.T. Cloete (1982), Merwe Scholtz (1986) en Daniel Hugo (2002). Ondersoek word ingestel na die aard van die impasse in die onderskeie herskrywings en na die wyse waarop die herskrywers die Nijhoff-bronteks(te) aproprieër, individualiseer en parodieer. Die polemiese inslag van die herskrywings word ook verken. As teoretiese begronding word Simon Dentith se *Parody* (2000) benut. Vrae wat aandag geniet, is die volgende: Waaraan kan die ikoniese status van die Nijhoff-variante en hul besondere nawerking oor dekades heen toegeskryf word? Op welke wyse gee die verskillende digters 'n eie invulling aan die oorspronklike gegewe? Hoe verskil die agtergrondgeskiedenis en bundelkontekste van die verskillende herskrywings? Het die digters enige poëtikale uitsprake in byvoorbeeld onderhoude of artikels oor die herskrywings en die oorspronklike Nijhoff-gedigte gemaak?

Lucelle Hough en Dorothea van Zyl onderneem 'n vergelykende ondersoek na die “vertaling” van kulturele identiteit in *Mamma Medea* van Tom Lanoye (2001) en Antjie Krog (2002). In Lanoye se dramateks word die Griekse verhaal van Medea en Jason gebruik om aan te toon hoe kulturele identiteite gekonstrueer word, maar ook in botsing kan kom. Hierdie kultuurspanninge word onder meer bewerkstellig deur die benutting van binêre opposisies en deur die konstruksie van kulturele identiteit wat geassosieer word met die vorming van die Ander. In Krog se Afrikaanse weergawe van die tragedie word soortgelyke binêre opposisies en spanninge gevind, maar gesitueer in 'n eietydse Suid-Afrikaanse kulturele konteks. Die artikel gaan komparatisties te werk met Lanoye se teks en Krog se vertaling daarvan, maar geskied nie vanuit 'n vertaalwetenskaplike perspektief nie. Die fokus van die studie rus eerder op die ontginning van die Medea-mite in 'n unieke Suid-Afrikaanse konteks en op die uitwerking daarvan op die vertaling, asook op die konstruksie van kulturele identiteit. In Lanoye se oorspronklike teks word die kultuurspanninge meer tydloos aangebied en van toepassing gemaak op die Nederlandse en Vlaamse kontekste. Die wyses waarop Krog die Nederlandse landskap en kulturele identiteit in 'n Suid-Afrikaanse konteks



verwerk, asook die moontlike redes daarvoor, word bespreek.

Adéle Nel stel in haar artikel ondersoek in na die verbondenheid met die Nederlandse literêre sisteem in Marlene van Niekerk se kortverhaalbundel *Die sneeuslaper*; 'n verbondenheid wat spesifiek manifesteer in die komplekse interaksie van ruimtelike relasies, met die klem op Amsterdam as narratiewe ruimte. Amsterdam as “moederstad” (Van Niekerk, 2009: 12) word die kreatiewe impuls vir, sowel as die poëtikale raam waarbinne sy haar narratief op idiosinkratiese wyse aanbied. *Die sneeuslaper* kan voorts ook gelees word binne die internasionale opvatting van relasionele ruimtelike denke en die nuwe mobiliteitsparadigma. Soos wat die swerwende karakters en die verhare migreer en inspeel op mekaar, is daar sprake van ruimtelike migrasie, sowel as ruimtelike relasionaliteit tussen Stellenbosch en Amsterdam. Die verhouding stad-subjek manifesteer ook in *Die sneeuslaper* by uitstek in die topos van identiteitsverlies en -onthegting, sowel as die psigologiese topologie van die karakters. Hierdie wisseling in identiteit en die vermomming van hawelose karakters word terselfdertyd gelykgestel aan 'n “afgrond” – die afgrond van waansin waarna verskillende karakters op verskillende maniere gedryf word.

In die volgende uitgawe van *TN&A* verskyn 'n verdere sewe van die artikels uit *Toenadering*.

Hartlike dank aan al die binne- en buitelandse keurders, sowel as aan Madaleine du Plessis (Afrikaanse teksversorger), Els van Damme (Nederlandse teksversorger) en Christa van Zyl (grafiese ontwerper).

Universiteit van Stellenbosch